SIZA Nuus

SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA

Volume 5, Uitgawe 5
November 2016

INHOUD:

SIZA Visie en Missie	1	SIZA Skakeling met Markte	2	SIZA Derdeparty Oudits	4
SIZA Platform	1	SIZA Area besoek & Kapasiteitsbou	3	Water risikobestuur	5
SIZA Lidmaatskap	2	SIZA oor Grense	4	SIZA Kommunikasie	5

SIZA VISIE

Bemagtig Suid-Afrikaanse Landbou om 'n wêreldleier te wees. Verseker volhoubare, etiese handel en rentmeesterskap van die omgewing.

SIZA MISSIE

SIZA, die *Sustainability Initiative of South Africa*, bied 'n platform vir belang-hebbendes in die landbou om etiese en omgewingsvolhoubare handel te verseker. Die platform kontroleer die nakoming van arbeidswetgewing en hoe daar vir die omgewing gesorg word. Ons doel is om deurlopende verbetering in hierdie praktyke aan te moedig, meer as net die nakoming van die minimum vereistes. Ons skakel direk met belangegroepe in elke faset van die waardeketting om behoeftes en kwessies te identifiseer, en ons ontwikkel hulpmiddels om lede se nakoming en vordering oor tyd te ondersteun en te monitor.

SIZA PLATFORM / SEDEX

Indien jy toegang tot en sigbaarheid deur middel van die SIZA Sedex rekening benodig, antwoord asb. "Ja" by vraag A4 op jou SIZA Self-Assesseringsvraelys (SAQ). Indien jy nie toegang en sigbaarheid op Sedex wil hê nie, antwoord asb. "Nee". Die koste van hierdie diens is ingesluit by die SIZA lidmaatskapfooi.

Onthou asb. om jou oordragvorm aan Sedex te stuur indien jy vantevore by hulle geregistreer was en nou wil hê dat SIZA jou sigbaarheid op die Sedex rekening namens jou moet bestuur. Dit sal duplikaatprofiele en ekstra onkoste voorkom.

Kontak vir Natalie Thomas vir oordragvorms of verdere navrae: enquiries@siza.co.za

SIZA LIDMAATSKAP

WAAROM MOET JY JOU LIDMAATSKAP JAARLIKS HERNU?

Na elke oudit word daar ‘n Vlak A, B of C status toegeken (wat vir n periode van twee, drie of vyf jaar geldig is), maar jy moet steeds jaarliks jou SIZA lidmaatskap hernu en jou Self-Assesseringsvraelys (SAQ) voltooi. Een van die voorwaardes van die twee, drie- of vyfjaar ouditperiod is dat SIZA moet kontroleer of jou etiese handelspraktyke en standaarde oor daardie tydperk gehandhaaf is. SIZA moet die SAQ jaarliks nagaan om te sien of enigiets op jou plaas verander het deur die loop van die jaar. Indien jy nie jou lidmaatskap en SAQ jaarliks hernu nie, sal jou sigbaarheid op die SIZA en Sedex Platforms in die gedrang kom en jou ouditbrief sal nie meer erken word nie.

Neem asb. kennis dat SIZA ‘n boodskap op die Sedex Platform gaan aanbring wat sal aandui as u SIZA lidmaatskap nie meer aktief is nie.

SIZA SKAKELING MET MARKTE

SIZA en GRASP

Dit is nou bevestig dat GRASP formeel aanbeveel het om ander sosiale standaarde (SIZA ingesluit) te aanvaar. In 2017 sal ‘n handsisteem geloods word om inligting tussen SIZA en GRASP oor te dra. Dit word beoog dat daar in die toekoms ‘n geoutomatiseerde stelsel in plek sal wees wat sigbaarheid aan invoerders en handelaars sal bied.

Kyk gerus na GLOBAL G.A.P. se bevestiging oor die aanvaarbaarheid van SIZA (punt 5 op die onderstaande Riglyn).

http://www.globalgap.org/export/sites/default/.content/.galleries/documents/161108_GRASP_Guideline-for-Retailers_en.pdf

Om duplisering te voorkom, raai ons uitvoerders (veskaffers) aan om dringend met hulle ontvangers in verbinding te tree om te verseker dat daar voldoen sal word aan hulle vereistes. Sommige Duitse handelaars het reeds aangedui dat hulle die SIZA standaard aanvaar. Handelaars/ontvangers se navrae hieroor of versoeke vir meer inligting kan aangestuur word na SIZA wie sal werk maak daarvan om praktiese oplossings in samewerking met hulle, te bewerkstellig.

SIZA AREA BESOEK EN KAPASITEITSBOU IN DIE SUBTROPIESE BEDRYF

SIZA het besoek afgelê by produsente en pakhuise in Nelspruit, Hazyview, Tzaneen en Letsitele om te gesels oor SIZA se strukture en om ‘n situasieverslag oor aktiwiteite te deel. Intensiewe opleiding is ook gegee oor die SIZA Platform en etiese praktyke, die SIZA ouditproses en metodiek, asook die SIZA standaard. Ons verwelkom graag die nuwe verskaffers wat op die Platform geregisteer het na afloop van ons besoek.



SIZA OOR GRENSE

SIZA lidmaatskap is beskikbaar vir buurlande buite die Suid-Afrikaanse grens, maar lede moet in gedagte hou dat hulle geoudit sal word na gelang van die huidige SIZA standaard wat gebaseer is op die Suid-Afrikaanse Arbeidswette. Indien handelaars die SIZA derdeparty oudit sal aanvaar, is produsente en pakhuise in ander lande welkom om by SIZA aan te sluit en te registreer.

SIZA DERDEPARTY OUDITS

Die etiese oudit is nie 'n slaag/misluk oefening nie. Die doel van die oudit is eerder om gevalle op plase te identifiseer waar standaarde nie nagekom word nie of waar regstellende optrede en verbeterings benodig word. Die SIZA program beoog om produenste te help, deur te verseker dat hulle voldoen aan en gedurend verbeter, op arbeidspraktyke. Die etiese oudit is dus nie 'n oppervlakkige oefening nie, maar vereis bewyse van die heersende toestande. SIZA is 'n maatstaf waarteen produsente hulself kan meet rakende hul nakoming van die Suid-Afrikaanse arbeidswetgeting deur middel van 'n geakrediteerde derdeparty sosiale en etiese oudit.

Ouditfooie moet self tussen die produsent en die ouditinstansie ooreengekom word, so dit is baie belangrik dat produsente eers 'n kwotasie aanvra voordat die oudit geskeduleer of afgehandel word. Ouditfooie word nie aan SIZA betaal nie, maar direk aan die Ouditliggaam. SIZA het 'n ooreenkoms met Ouditinstansies waarvolgens SIZA vanaf 1 Oktober 2016 'n faktuur van R2 000 per oudit aan die betrokke Ouditinstansie sal stuur om administratiewe, bedryfs- en volhoubaarheidskostes van die SIZA Platform te dek.

SIZA is bewus van die klagtes vanaf produsente dat ouditfooie soms uitsonderlik hoog is, veral waar ouditeure lang afstande moet reis. SIZA sal dus gaan kyk in hoe n mate ons lede kan ondersteun met oudits deur Ouditliggame te nader om sateliet kantore te vestig of oudits te koördineer in areas om sodoende reis en verblyfkostes te kan deel. Ons sal ook nuwe ouditliggame aanmoedig om by SIZA aan te sluit (natuurlik onderhewig aan die vereiste kriteria waaraan Ouditliggame moet voldoen om aanvaar te word deur SIZA) om te verseker dat daar 'n beter verspreiding van ouditeure in alle provinsies en produksieareas is.

Vir hulp met of navrae oor die SIZA Platform:

SIZA hulplyn	086 1111 568
E-pos	info@siza.co.za

WATER RISIKOBESTUUR

HET JY GEWEET?

- Suid-Afrika se gemiddelde jaarlikse reënval is 40% laer as die wêreldgemiddeld
- Meer as 60% van Suid-Afrika se waterbronne word aan die landbou toegeken
- Indien watervereistes toeneem, sal hierdie watertoekenning verander: **Suid-Afrikaanse produsente sal meer moet lewer met minder water**
- Waterrisiko is multidimensioneel en kan jou besigheid op verskillende en onvoorsiene maniere beïnvloed

Blue North bied drie oplossings om jou waterrisiko te bepaal en te bestuur:

1. KEN JOU RISIKO: Waterrisikoprofiele (administratiewe en GPS-gebaseerde oefening)
2. IDENTIFISEER JOU UITDAGINGS: Watervoetspoor (terrein-spesifieke analise)
3. WEET WAT OM TE DOEN: Water-aksieplan (terrein-spesifieke beplanning)

Van 'n hoëvlak strategie tot tegnologiese oplossings – ons sal jou besigheid toekomsbestand maak

Kontak vir David Black vir meer inligting 076 684 8953 / davidblack@bluenorth.co.za

|

SIZA KOMMUNIKASIE

In samewerking met die sagtevrugtebedryf het SIZA 'n Duitse promosiemaatskappy aangestel wat skakeling en kommunikasie met handelaars bevorder. 'n Soortgelyke benadering sal ook vir ander markte gevolg word. Meer inligting is bekombaar op die webtuiste. http://siza.co.za/newsroom/german-marketing-campaign/